**Burokrasie kan demokrasie se verborge bondgenoot wees**

**Chris Jones***

Daar is al baie geskryf en gesê oor die kommerwekkende toestand waarin Suid-Afrika hom nou – ten tye van die land se 30-jarige viering van vryheid en demokrasie – bevind. Dit moet egter genoem word dat demokrasie in 1994 baie goed begin het, maar mettertyd – veral ná die eerste dekade – weens swak staatsbestuur begin agteruitgaan het.

'n Swak, maar hoogs besoldigde staatsburokrasie het hierdie agteruitgang versnel wat tot groot ontnugtering en skeptisisme onder Suid-Afrikaners oor ons swaar gewonne vryhede bygedra het.

Op Vryheidsdag, wat jaarliks op 27 April gevier word, noop hierdie waarneming 'n mens om na burokrasie, die sogenaamde "onverkose vierde tak van die regering", te kyk aangesien dit die potensiaal het om 'n uiters belangrike rol in die fasilitering en verbetering van demokrasie te speel.

**Burokrasie en demokrasie**

Sonder die meganismes van burokrasie kan 'n demokrasie nie op sy burgers se regte, belange en welsyn reageer nie. Burokrasie moet uitdrukking gee aan 'n edele, onselfsugtige en oor die algemeen morele tussengangerproses in die verwesenliking van demokratiese behoeftes, aspirasies en vryhede van die samelewing.

Burokrasie is 'n mensontwerpte organisatoriese stelsel wat poog om behoorlike toesig en rekordhouding toe te pas, terwyl dit ook probeer om produktiwiteit en doeltreffendheid te verbeter.

Wanneer mense egter aangestel en as outomate in 'n rigiede programmatiese stelsel gebruik word, word vrye en innoverende denke normaalweg ernstig in die gedrang gebring.

In 'n ideale burokratiese stelsel, soos die staatsdiens, moet die rolle en verantwoordelikhede van mense en tegnologie afsonderlik en wedersyds goed gedefinieer word om maksimum sinergie te ondersoek en sodoende 'n wyer samelewing te dien.

Hoewel die woord 'burokrasie' negatiewe reaksies ontlok, het dit ook positiewe aspekte. Ek sal nou hierna kyk – en hoe dit demokrasie fasiliteer – met vergunning van dr Gawie Nothnagel, 'n eksperimentele fisikus met etlike jare se senior korporatiewe bestuurservaring (persoonlike kommunikasie op 2 April 2024).

**Die voordele**

Nothnagel het in ons gesprek daarop gewys dat daar inderdaad verskeie voordele in die sogenaamde "rompslomp" verbonde aan burokrasie is wat in belang van demokrasie nagestreef moet word. Dit het immers juis danksy verskeie inherent positiewe eienskappe oor eeue bly voortbestaan:

- Wanneer burokratiese reëls en regulasies professioneel toegepas en uitgevoer word, bied dit beskerming teen wanadministrasie en korrupsie.
- Die magdom papierwerk wat deel uitmaak van 'n burokratiese stelsel soos die staatsdiens, hou die nodige rekords vir data-ontleding en daaropvolgende stelselkorreksie, vaartbelyning

en verbetering. Wanneer dit nie gereeld gedoen word nie, kan burokrasie groei en eskaleer om 'n omslagtige las op produktiwiteit te word.

- 'n Goeie, professionele burokrasie verwyder vooroordeel en bevorder regverdigheid – 'n aansoeker moet byvoorbeeld verskeie dokumente indien om 'n tender te bekom. Hoewel dit dikwels frustrerend is, is hierdie proses veronderstel om gelyke behandeling te bevorder om die beste transaksie vir 'n organisasie soos die staatsdiens te verseker. Dit beteken dat vriendskappe en politieke verbintenisse en status in 'n goed ontwerpte en professionele burokratiese stelsel geen uitwerking op toegang tot finansiering of kontrakte behoort te hê nie. 'n Regverdige stelsel is gebou op en wek vertroue.
- 'n Gesonde, professionele burokrasie kan ook help om die potensiaal van werknemers en amptenare te ontsluit, terwyl die algemene siening, dikwels met goeie rede, een van onderdrukte kreatiwiteit is. Die goed funksionerende burokratiese stelsel vereis deur sy streng keuringskriteria hoër vlakke van onderrig en vermoë en vestig 'n werkomgewing van regverdige en gelyke geleenthede. So 'n stelsel moedig ook intellektuele aktiwiteite, persoonlike verantwoordelikheid en openhartigheid aan. Werknemers en amptenare kan in werklikheid beter binne 'n goed ontwerpte burokratiese stelsel presteer.
- 'n Goed geoliede burokrasie kan werksekerheid, billike bevordering en loopbaanontwikkeling, 'n bestendige en realistiese salaris en byvoordele soos ongeskiktheid, aftrede en mediese fondse verseker. Hierdie voordele bied stabiliteit waarbinne kreatiwiteit kan floreer.

As 'n mens mooi hieroor nadink, versterk al hierdie voordele van burokrasie demokrasie in sleutelopsigte soos toegang tot gelyke geleenthede, geen korrupsie nie, regverdigheid en vryheid.

**Die nadele**

Een van die tekortkominge van 'n burokratiese stelsel kan wees om infrastruktuurprojekte wat dienslewering raak, te vertraag of uit te stel, veral as duidelik omskrewe rolle en verantwoordelikhede ontbreek. Dit lei tot 'n ophoping van onvoltooide take, 'n tipiese simptoom van 'n swak burokratiese stelsel. Die stelsel word letterlik verlam deur onsekerheid en besluiteloosheid.

Die blindelingse nakoming van reëls lei gewoonlik tot die skep van papierspore, met hope dokumente wat die enigste prestasieaanwyser is. Op hierdie manier word werklike produktiwiteit en klem op die bereiking van die doelwitte van 'n staatsektor soos die staatsdiens verminder, en mis dit maklik die verborge groeigeleenthede wat vir so 'n sektor beskikbaar is.

Hier kan 'n mens weer eens sien hoe die nadele, as dit nie in voordele omskep word deur die ontwerp van 'n professionele burokratiese stelsel nie, burokrasie verhinder om goed te funksioneer en verhoed dat demokrasie voortdurend ontwikkel tot beter verwesenliking van menseregte en fundamentele vryhede.

**Wat is nodig?**

Uit bogenoemde behoort dit duidelik te wees dat die voor- en nadele van burokrasieë nie onafhanklike eienskappe van 'n vaste stelsel is nie. Nadele is in werklikheid die gevolg van 'n onbehoorlike stelselontwerp en implementering, en kan inderdaad in voordele omgeskakel word.

Wat nodig is, is verbeterde sinergie. Een manier om dit te bereik, is om tegnologie meer van die dataverwerking te laat doen en om mense op te lei om op 'n oorsigtelike en insiggrondslag na die resultate te kyk. In plaas daarvan om mense dus bloot op te lei hoe om die sagteware korrek te gebruik, moet die klem op dít val wat uit die gevolglike tendense geleer kan word. Om vrae te vra soos: Is dit korrek en kan dit toegelaat word? Hoe kan ons die doeltreffendheid en professionaliteit van die stelsel en gevolglik die doeltreffendheid van demokrasie verbeter?

'n Burokratiese stelsel wat sinergie bevorder moet proaktief poog om amptenare op te lei om minder soos outomate op te tree en meer soos oopkop-instaatstellers en verbeteraars van prosesse, en dienslewering gegrond op beskikbare inligting en behoeftes.

Deur konsultasie en 'n behoorlike stelselontwerp kan demokratiese waardes aan indirekte sosio-ekonomiese voordeeluitsette geheg word, soos byvoorbeeld die voorsiening van die vermoë om die ekonomie te laat groei, om na behoeftiges om te sien en om die omgewing te verbeter.

Die prestasiekontrak en prestasietellingkaart van werknemers en amptenare moet uitdruklike verantwoordelikhede en aanspreeklikheid bevat waarteen prestasie op 'n kwantifiseerbare wyse gemeet moet word.

As Suid-Afrika 'n funksionerende en professionele staatsdiens kan bewerkstellig, gerugsteun deur kreatiewe, oplossingsgedrewe en vreeslose amptenare, kan ons die huidige afwaartse trajek aanspreek en verseker dat die volgende 30 jaar 'n tydperk van groter sukses word, toegelig deur onder meer die ontwikkeling van menslike en maatskaplike kapitaal, toegang tot basiese dienste, ekonomiese groei en hopelik welvaart en vryheid vir almal.

***Prof Chris Jones staan aan die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie by die Universiteit Stellenbosch.**